

Sondag 19 April 2020

Fokusteks: 1 Petrus 1:3-9

‘n Vrieskas is ‘n wonderlike toestel in jou huis. Daarmee kan jy voedselprodukte vir maande lank veilig bewaar totdat jy dit nodig het. Dit verhoed dat dit gou sleg word. Ongelukkig het ‘n vrieskas ook sy beperkinge wat die bewaring van voedsel betref. Sekere kossoorte kan ook maar net vir ‘n sekere tyd gevries word. Dan word dit sleg en nie meer geskik vir menslike gebruik nie. Jy moet dit weggooi. Daar is gewoonlik ‘n plakker of gids aan die binnekant van ‘n vrieskas se deur wat aandui hoe lank jy watter produkte kan vries.

So gaan dit met ons bestaan hier op aarde. Dis tydelik en verganklik. Niks hou vir ewig nie, ook nie ons lewens nie. Ons aardse lewe sal iewers tot ‘n einde kom. Vandat die wêreld gekonfronteer is met die Coronavirus die afgelope maande, besef ons al meer hoe broos en onseker ons alledaagse lewe is. Ons het sommige dinge as vanselfsprekend aanvaar - ons werk, ons inkomste, pensioen, ons aardse besittings en beleggings. Ons gesondheid en vryheid van beweging. Dit is alles dinge waarop ons ons hoop plaas vir ‘n sinvolle lewe. Nou kom ons agter hoe vinnig dit van ons weggeneem kan word. Ons ontdek dat ons op valse fundamente bou. Ek hoef nie te verduidelik watter geweldige negatiewe impak die pandemie op die ekonomie, op gemeenskappe en ons lewens in die algemeen het nie. Daar is genoeg inligting beskikbaar wat dit betref. Die feit is, dit affekteer elke aspek van ons lewe.

Daar is egter goeie nuus. Ons het iets ontvang wat vir altyd sal hou. Dit is die nuwe lewe wat moontlik gemaak is deur die opstanding van Jesus uit die dood (v.3). Sy opstanding is die fondament waarop ons ons lewe bou. Dit is die kern en grond van ons geloof. Wat doen Jesus se opstanding aan ons? Dit bring ‘n *lewende hoop* (v.4). Die lewende hoop waarvan hier gepraat word is nie ‘n soort positiewe houding of gesindheid wat uit onself kan voortkom nie. Hierdie hoop word nie beïnvloed deur ons wisselvallige emosies nie. Ons kan onself nie ware hoop gee nie, net God kan dit doen. Dit is ‘n geskenk van God. Dit is *lewend* omdat dit gebou is op *Jesus wat leef*. Dit is in teenstelling met die dooie hoop van die heidene se afgode van daardie tyd.

Ons lees in vers 4 dat daar vir ons ‘n wonderlike erfenis in die hemel wag. Let wel, *in die hemel*. Dit beteken géén aardse of bese magte kan daarby kom nie. Dit kan nie gesteel of vernietig word nie. Soos wat ons nou ‘n tyd van “lockdown” beleef, so is ons erfporse in die hemel “ge-lockdown”. Dit kan nie besmet word, siek word en sterf nie. Ons lewe is in Jesus se opstanding uit die dood verseker en gewaarborg. Dit is so wonderlik dat Petrus drie woorde in die negatief gebruik om dit te beskryf: *on-verganklik*, *on-besmet*, *on-verwelklik*. Met ander woorde, die nuwe lewe in Christus is nie ‘n vrieskaslewe wat beperkinge het nie.

Maar dis nie al nie. Ons het nie net ‘n erfporse wat vir ons in veilige bewaring gehou word nie, ons word *self* ook deur die krag van God veilig bewaar (v.5). Die Griekse woord wat hier met “bewaar” vertaal word, herinner aan ‘n militêre aksie. Dink aan ‘n fort wat deur ‘n garnisoen soldate bewaak word. Die krag van God staan soos soldate of lyfwagte om ons. Op hierdie punt kan ons gerus hoor wat Jesus by geleentheid gesê het van diegene wat in Hom glo:

Ek gee hulle die ewige lewe, en hulle sal in alle ewigheid nooit verlore gaan nie. Niemand sal hulle uit my hand ruk nie (Joh.10:28).

Kort voor Jesus gevange geneem word, doen Hy ‘n aangrypende gebed vir sy dissipels. In sy gebed rig Hy die volgende woorde tot die Vader (Joh.17:14,15).

*Ek het u woord aan hulle gegee, en die wêreld haat hulle, omdat hulle nie tot die wêreld behoort nie, net soos Ek ook nie tot die wêreld behoort nie. Ek bid nie dat U hulle uit die wêreld moet wegneem nie, maar dat U hulle van die Bese moet **bewaar**.*

Hierdie versekering en beloftes beloof aan ons 'n goeie einde. Ons toekoms is veilig in God se hande. Ons mag nooit ophou om die Here daarvoor te dank, loof en eer nie.

Maar wat van die lewe hier en nou? Ons het God se teenwoordigheid nou nodig. Ons beleef dikwels tye van hartseer, onsekerheid en moedeloosheid. Daar is soms ongelukkige gebeurtenisse in ons lewens wat dreig om ons lewende hoop in Christus te bevrage teken en aan te val. Dan sukkel ons om die Here te "sien." Christene leef as't ware "tussen die tye." Ons glo Jesus het *alreeds* alle lyding, siektes en dood op Hom geneem en dit oorwin met sy opstanding uit die dood. Ons glo ook dat Hy weer sal kom en dat ons dan vir altyd saam met Hom en mekaar sal wees. Maar laasgenoemde het *nog nie* plaasgevind nie. Ons leef dus tussen die "alreeds" en die "nog nie." Daarom is dit geen wonder dat ons so ongemaklik is met hierdie wêreld nie. Ons pas nie lekker in nie.

Ons word egter die versekering gegee dat die beproewinge wat ons nou mag ervaar, nie naastenby opweeg teen die heerlikheid wat kom nie. Petrus praat van 'n "kort tydjie." In hierdie lewe met sy uitdagings word ons geloof gedurig getoets. Maar dan in 'n positiewe sin. Ons leer algaande om nie op valse fundamente te bou nie en nie valse hoop te koester nie. Ons geloof word hier vergelyk met goud wat gesuiwer moet word in die vuur. Dink daaraan in terme van reiniging. Skoonmaak. Ons geloof is dikwels nog vermeng met allerlei vreemde bestanddele. Daarmee bedoel ek dat ons soms tegelyk in God, sowel as in ander, aardse en verganklike dinge ons vertrou plaas. Dit is niks anders as 'n verdeelde hart nie. Jesus sê immers by geleentheid dat ons nie God én Mammon kan dien nie (Mat.6:24). Lyding kan ons help om ontslae te raak van vreemde bestanddele sodat slegs die suiwer geloof in Jesus alleen oorbly. Dalk moet ons die tyd gedurende "lockdown" gebruik om hieroor na te dink. Wat is die dinge waarop jy jou lewe bou? Wat daarvan het nou onseker geraak? Is daar iets wat jy in die afgelope tyd geleer het?

Op Sondag, 8 April 1945 hou Dietrich Bonhoeffer vir sy medegevangenes 'n kort erediens. Hy was 'n Duitse teoloog wat sterk gekant was teen die bewind van Hitler, en is om daardie rede in hegtenis geneem. Een van die manne saam met hom in die Duitse konsentrasiekamp, is Payne Best, 'n Engelse offisier. Hy kan nie ophou kyk na Bonhoeffer nie, omdat dié 'n onbeskryflike hemelse vreugde selfs onder hierdie omstandighede uitstraal! Dit gryp vir Best so aan dat hy later van Bonhoeffer sou getuig: "Hy is een van die min mense wat ek ontmoet het vir wie sy God werklik was." Sy preek handel oor 1 Pet 1:3-9. Almal se harte word deur die Gees beweeg. Pas nadat hy klaar is, gaan die seldeur oop en twee Duitse SS wagte stap in: "Gevangene Bonhoeffer, kom saam met ons!" Almal het geweet hierdie woorde beteken jou einde – die galg het gewag. Hy het almal gegroet, maar vir Payne Best het hy gesê: "*Dit is die einde, maar vir my die begin van die lewe!*" Onbeskryflike hemelse vreugde is wat hy in hulle midde agtergelaat het, terwyl hy na sy dood gelei is. Hierdie is 'n voorbeeld van geloof wat van vreemde bestanddele gesuiwer is!

Hoe meer ons aan die opstandingshoop vashou, hoe sinvoller sal ons lewens word en hoe groter sal die vreugde van die lewe hier én hierna wees. Hoe meer ons aan hierdie goeie waarheid vashou, hoe groter sal ons geduld wees in tye van slegte nuus en ervarings, en hoe groter sal ons getuienis wees. Die krag van God, wat Jesus uit die dood laat opstaan het, sal ons geloof en hoop bewaak en veilig in bewaring hou.

Gebed

Hemelse Vader, u ken ons omstandighede. U weet hoe bekommerd ons is oor die negatiewe impak van die Coronavirus op gemeenskappe wêreldwyd, sowel as in ons persoonlike omstandighede. Ons bid dat die lewende hoop wat ons deur die opstanding van Jesus ontvang het, ons blymoedig sal maak in 'n baie donker tyd van ons geskiedenis. Stroop ons geloof van valse gode en sekuriteite, sodat ons net aan U alleen sal vashou as die enigste en ware God. Dankie dat U oor ons die wag hou en dat ons in lewe en in sterwe veilig in u hande is. Amen.